

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 09 Apr 2018
Page: 16

AVE: 82495.34
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

# Op rekordjag



Tatjana Schoenmaker in die 100-borsslag. Foto: GETTY IMAGES

## Tatjana wil Penny se naam nou heel uit die annale swem

**Marizanne Kok**

Die Tuks-swemmer Tatjana Schoenmaker se Statebond-sprokie duur voort, met die 20-jarige wat gister in die halfeindronde van die 100-borsslag so byna haar derde Afrika-rekord in drie dae verbeter het.

Schoenmaker, wat Saterdag in die 200-borsslag die eerste nie-gestremde Suid-Afrikaanse vroueswemmer in 64 jaar geword het om Statebond-goud te wen, was gister die vinnigste kwalifiseerder vir vandag se 100-eindronde.

Sy het 'n blitsige tyd van 1:06.65 opgestel en was net 13 honderdstes van 'n sekonde stadiger as die Afrika-rekord van 1:06.52 wat sedert 1999 agter Penny Heyns se naam staan.

Schoenmaker is in aksie op haar heel eerste Statebondspele, maar het nou die kans om twee keer op die podium te staan. Sy het haar halfeind met net minder as 'n sekonde gewen, en was byna 'n halwe sekonde vinniger as die Aussie Georgia Bohl, wat die ander halfeind gewen het.

Nietemin wou die land se nuutste swemsensasie haarself nog nie gister in haar geestesoog met 'n tweede medalje om die nek voorstel nie.

"Ek wil nie te veel dink daaroor om nog 'n medalje te wen nie, ek is gelukkig solank ek goeie tye swem," het sy gister gesê. "Ek het 'n 1:06 geswem en is baie tevrede daarmee."

Schoenmaker het sedert Vrydag reeds twee van die drie Afrika-rekords wat sedert die vorige eeu agter Heyns se naam gestaan het, uit die boeke gevee (in die 50- en 200-borsslag), en het 'n uitstekende kans om die derde een vandag te oortref. Dit is 'n doelwit, sê sy.

> **"Ek gaan dit beslis probeer verbeter, maar as dit nie gebeur nie, sal ek weet dit was nie in die sterre geskryf nie**
>
> — TATJANA SCHOENMAKER

"Ek gaan dit beslis probeer verbeter, maar as dit nie gebeur nie, sal ek weet dit was nie in die sterre geskryf nie," sê sy.

Schoenmaker was een van drie Suid-Afrikaners in die halfeindronde van die 100-borsslag, maar die enigste wat oorleef het. Kaylene Corbett (1:09.36) en Emily Visagie (1:10.80) sal die eindronde vanuit die paviljoen dophou.

Chad le Clos het Span Suid-Afrika nog iets gegee om oor te jubel toe hy silwer in die 100-vryslag verower het met sy vinnigste tyd ooit – maar hy het geen geheim daarvan gemaak nie dat hy eerder goud wou hê.

Le Clos en die Aussie Kyle Chalmers het saam tweede geëindig, in 48.15, met die Skot Duncan Scott baas in 48.02. Chalmers was ná 50 meter net-net voor, maar Le Clos het hom daarna ingehaal en vir die grootste gedeelte van die tweede 50 die pas aangegee. Hy is reg aan die einde deur Scott ingehaal.

"Moenie 'n fout maak nie, ek is baie gelukkig en baie trots. Maar ek was só naby daaraan om te wen. Ek kon (Duncan) sien nader kom uit die hoek van my oog en ek het net gedink, asseblief nee, asseblief nee!" het hy gister gesê.

"Ek wens nou ek kon teruggaan en daai resies oorhê. Dit was 'n wonderlike ren en ek sal nie noodwendig enigiets anders doen nie. Ek is net spyt dat ek so senuweeagtig geraak het aan die einde, want toe verloor ek my ritme."

Benewens sy medalje-vertoning het Le Clos ook uitgeblink in die halfeindronde van die 100-vlinderslag, waarin hy vandag as gunsteling sal aantree.

Le Clos, wat reeds in Goudkus die 50- en 200-vlinderslag gewen het, sal 'n volstel aan vlinderslag-goud jag.

Die Kapenaar het nie in sy halfeindronde te veel energie verbrand nie en was tevrede om tweede te eindig.

Die eindronde van die mans se 50-borsslag sal drie Suid-Afrikaners hê, nadat Cameron van der Burgh, Michael Houlie én Brad Tandy daarvoor gekwalifiseer het.

Die Brit Adam Peaty het die tweede halfeindronde in 'n nuwe Spele-rekord van 26.49 gewen, nadat Van der Burgh in die eerste baas was met 'n tyd van 26.95. Houlie, 'n Kaapse matrikulant, het in die tweede halfeind vierde geëindig in 27.64, met Tandy vyfde in 27.99.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.